

Boer of afrikaner – die stryd duur voort



Dr Dan Roodt van Praag, vra die vraag op sy webwerf, waarom “ons onder mekaar moet baklei oor Boer en Afrikaner” en maak dan ‘n paar stellings wat van naderby bekyk moet word.

Ek wil nie met dr Roodt swaarde kruis nie. Hy is ‘n denker, ernstig met ons situasie en sekerlik op soek na ‘n oplossing. Daarom is dit jammer dat sy kommentaar gesien kan word as ‘n poging om ‘n baie belangrike debat te frustreer en af te maak as nikseggend.

Waarom is dit so dat veral onder diegene wat hulle self Afrikaner noem, daar ‘n gedurige poging is om ons Boere te kry om te vergeet wie ons is en om ons geskiedenis of te laat vaar, of om boedel oor te gee en die in die hande van mense te laat wat gedurigdeur besig is met afwatering en verdraaiings. Is daar iets in ons Boere se verlede wat hulle pla of hinder om werklik Boer te wees? Dat hulle eerder ‘n sameflansing en verdraaiing sal wil aanvaar? Die Boerevolk het ‘n roemryke geskiedenis waarvoor hy ‘n duur prys betaal het, sedert hulle in 1836 begin trek het weg van die Britse oorheersing en dwingelandy. Dit moet verruil word vir ‘n sogenaamde Afrikanergeskiedenis sedert 1910. ‘n Geskiedenis wat wemel van verraad, politieke ondergrawery, kompromieë en uitoorlêery.

Die Boere beskerm dit wat hulle eie is. Dit is die sogenaamde Afrikaner wat gedurigdeur in die Boerevolk se keel wil afklim as hy dit durf waag om sy eie op te eis. Dit is ‘n feit soos ‘n koei dat die Boeregeskiedenis en die Afrikanergeskiedenis nie die-selfde is nie. Afrikanereenheid is ‘n politieke skepping daargestel deur partypolitici soos Louis Botha en Jan Smuts. Die Afrikaner het ‘n bedenklike rol van daardie tyd af gespeel en kan as Volk, hoogstens aanspraak maak vanaf 1961 tot met sy oorgawe in 1994. Een ding wat die Afrikaner nog nooit bereik het nie is Afrikanereenheid.

Dr Roodt skryf: “In antwoord op [kommentaar op die Praagwebwerf](#) : ek verstaan glad nie waarom ons onder mekaar moet baklei oor Boer en Afrikaner nie.

Dr Roodt sal ons sekerlik vergun om kommentaar op sy skrywe te lewer. Ons sal hom in rooiskrif probeer antwoord, sy relaas in swart laat en elke keer net sy aanspreekvorm en van, voor dit aanbring om groter klarigheid te bewerkstellig.

Dr. Roodt : Die meeste mense verwys soms na hulself as “Afrikaners” en soms as “Boere”, net soos die Engelse soms “Engelse” en soms “Britte” is of die Franse soms “Franse” en soms

“Galliërs”. Jy vra hier onder wie eerste die term “Afrikaner” gebruik het. Dit was natuurlik Hendrik Biebouw of Bibault in 1707 op Stellenbosch toe hy vir die landdrost gesê het: “...ik wil niet loopen, ik ben een Afrikaander, al slaat die landdrost mijn dood, of al setten hij mijn in den tronk, ik sal, nog wil niet swygen”.

Ons repliek: Dit is sekerlik korrek in ‘n land waar daar ‘n homogene volk is en waar daarvoor die grense van daardie land en die volksbeskrywing eenstemmigheid is. In ons geval kan dit sekerlik die posisie gewees het voor 1994. Sedertdien het die situasie radikaal verander. Die term Afrikaner het egter net dieselfde betekenis as om al die mense van Europa as Europeane te beskryf of die Asiërs in Asië as sodanig. Dit het meer van ‘n geografiese betekenis as wat dit met ‘n nasionale identiteit te doen het. Africans en Afrikaners wat sal die verskil wees?

Die afstammeling van die Boerevolk maak gereed vir ‘n vryheidstryd en die herstel van ons grondgebied soos wat dit was tot op die 30 Mei 1902. Dr Roodt wil nie daardie Vryheid terughê nie. Hy en die Afrikaners – en nogal verskillende groepe-rings onder hulle – wil iets anders hê. Dit strek van volkstatjies en selfbestuur of selfbekikking binne die grense van die Nuwe Suid-Afrika. Jy kan alleenlik Boer wees as jy jou identifiseer met die geskiedenis, afkoms en aspirasies van die Boerevolk. Enigiets anders het niks te make met die Boerevolk nie. Net soos wat iemand wat hom nie met die Boerevolk identifiseer nie, tog nie ‘n Boer kan wees nie, net so min kan ‘n Boer hom identifiseer as Afrikaner as hy nie dié se gedagterigting oor Vryheid deel nie

Geskiedenis is die skietlood

Die geskiedenis is ons skietlood waarmee ons bepaal waar ons vandaan kom en waarheen ons op pad is. Dit moet lynreguit en waterpas lê. Afwykings en aan-passings gaan ons by die verkeerde plek uitbring. Verdraaide geskiedenis is vervalste geskiedenis. Die verhaal van Hendrik Bibault wat lyk my die “vader” van die hedendaagse Afrikaner is, is gegrond op so ‘n mistasting. Bibault was ‘n Kaapse kleurling wat vir dronkenskap voor ‘n Hollandse ‘landdrost’ gebring is, nie onder die Hollandse wet verhoor wou word nie omdat hy uit Afrika was. Dit was sy ‘ek ben een Africaander’ – iemand uit Afrika. Op daardie Afrikanerskap wil ek my nie graag beroep nie. Tydens daardie gebeurtenis het die Hollandssprekende inwoners nog steeds van hulleself gepraat as vryburgers, grensboere, patriotte ens. Hulle was na 1806 Britse onderdane wat ‘n ander taal as die Britte gepraat het. Onderdane en nie ‘n volk wat sy eie grondgebied gehad het nie. Vryheid en eie grondgebied was een van die hoofdryfvere vir die Groottrek. Daaraan het ‘n klein persentasie van die bevolking deelgeneem. Die grootste gros het in die Kaap agtergebly en die Britse oorheersing gelate aanvaar. Eers so laat as 1875 – 37 jaar na die Groottrek is daar eers sprake van ‘n georganiseerde poging tot Afrikanerskap en dan as gemeenskap, nie as volk nie! Selfs toe was daar nog nie ‘n volkome eensgessindheid en identifisering met die noordelike Boere-Republikeine nie. Praat van Boere en Afrikaners wat dieselfde is, dit is eenvoudig ‘n versinsell!

Dr Roodt: Ek vind hierdie ‘n futiele debat; ons het soveel belangriker dinge om op te fokus. Soms vermoed ek die “Boer-Afrikanerstryd” word deur elemente in die regering aangeblaas om ons te verdeel. Maar ek is geneig om met Vryburger saam te stem: die Afrikaner kan gedefinieer word op grond van taal, kultuur en afkoms, terwyl enige poging om binne die

Afrikanergroep 'n klompie uitverkorenes as “Boere” te omskryf, stuit op die feit dat daar nog nooit 'n verdelingslyn tussen Afrikaners en Boere geloop het nie, dat hulle ondertrou het, dieselfde taal praat en van dieselfde Europese volkere afstam.

Ons kommentaar: Dit is jammer dat dr Roodt dit 'n futiele debat vind, veral gesien in die lig van sy daarop volgende stelling dat ons soveel dinge het om op te fokus. Niks kan belangriker wees as die Vryheid van 'n volk nie. Dit is waar die verskil tussen die Afrikaner en die Boer lê. Oor hoe die Vryheid benader en verkry móét word. Dit bly die dilemma van die Afrikaner... hy het 'n republiek gehad wat hy vrywillig weggegee het. On Boere moes twee vryheidsoorloë veg en geweldige pryse daarvoor betaal. Dr Roodt is die mees aangewese man om vir ons te sê hoe en waar hy die Vryheid sien.

Ek sal self nie verbaas wees as die Afrikaner- Boerstryd , nie uit die regerings-ge-ledere aangejaag word nie. Dit is uit daardie geledere wat die mense kom wat saam met Zuma eet en vleisbraaie hou: dit is in daardie geledere waar daar selfs op kabinetsvlak met die regering saamgewerk word en met wie se paspoort dr Roodt reis in die buiteland en iets heel anders as die herstel van die Boererepublieke aldaar verkondig. Die Afrikaner se verdeeldheid, veral in eie geledere moet vir die ANC-regering, 'n riem onder die hart wees want so kan hy verdeel en bly heers. Die regering weet dat die Boerevolk 'n regmatige eis op vryheid het en sal dus alles in sy vermoë doen om dit te frustreer. Dit is die teenstand en weerstand wat die ANC die meeste vrees en wat Afrikaners graag sal wil sien dat ons Boere dit moet laat vaar.

Dis net diegene wat soos dr Roodt redeneer, wat ondertrouery en bloedvermenging tussen Boer en Afrikaner wil vertolk as synde 'n bewys dat daar nie 'n Boerevolk bestaan nie. Is daar nie huwelike tussen Afrikaners en Portugese. of Portugese en Boere nie en beteken dit dan dat daar nie 'n Portugese volk bestaan nie. Ek dink so 'n redenasie is belaglik. Net so met sy bitsige opmerking oor 'n klein klompie “uit-verkorenes as Boere te omskryf,” binne die sogenaamde “Afrikanergroep.” Dit was werklik ook die klein klompie Boere wat die waens gepak en getrek het. Daarom is ons Boere nie 'n groep Binne die Afrikanergeleider nie., maar 'n aparte volk wat nie sal huiwer om weer alleen te staan nie. Dit is die verdelingslyn wat ontken moet word om enigsins inhoud te gee aan die alleenbestaan van net 'n Afrikanervolk. Dit is 'n denkfout.

Dr Roodt -Vryburger is ook heeltemal reg dat die “Boereleiers” in 1902 oorgegee het en in 1910 ingestem het tot die Unie. Ook het 'n spul “Boere” hanskakies, verraaiers en National Scouts geword, dus kan ons hulle kwalik as ideologies suiwer beskou.

Die Boereleiers het in 1902 nie veel van 'n keuse gehad as om oor te gee nie. Daar is egter 'n hemelsbreë verskil tussen die gebeure van 1902 en 1910. Die voormanne wat in 1902 bereid was om oor oorgawe te onderhandel was in 1910 Britse onderdane en voormanne van die volk wat die hoofpleitbesorgers van Afrikanereenheid binne 'n Uniale stelsel geword het. Dit is die vaders van moderne Afrikaners, nie die kleurling Bibault nie. Net so die aanhoudende bitsige opmerking van “Boere hanskakies en National Scouts” Weereens 'n veralgemening en verdraaiing . Die mense wat teen die Boere gedraai het, het hulle nie meer as Boere beskou of deur die Boere assulks aan-vaar nie. Piet de Wet, broer van genl De Wet het himself as Afrikaner beskou. S.J. du Toit, hieronder deur u aangehaal, mede stigter van die Genootskap

van Regte Afrikaners en die Afrikanerbond, in die Kaapkolonie, het hom nie as Boer beskou nie. Tog het hy in die Engelse Oorlog, die Engelse probeer help deur die Boere te probeer oorhaal om die wapens neer te lê.

Dit is manne soos genls Botha en Smuts en Schalk Burger wat afstand gedoen het van die Boere-ideale en liewer opgegaan het in 'n politieke bedeling van vergewe en vergeet. Daarom het al die toekomstige leiers gepraat van Afrikanerskap van die Limpopo tot by Tafelberg. Dit het die voorwaarde geskep vir die gemors waarin ons vandag is. Dr Verwoerd se 1961 Republiek, was nie die herstel van die Boererepublieke nie. Dit was maar die voortsetting van die veelrassige Unie van Suid-Afrika onder 'n ander naam.

Dr Roodt : Feit is dat die term “Afrikaner”, wat in 1707 deur Bibault gebruik is, in die twintigste eeu deur die oorgrootste meerderheid van ons volk aangeneem en gebruik is. Al ons groot skrywers en staatsmanne soos Van Wyk Louw, CM van den Heever, JBM Hertzog, DF Malan, HF Verwoerd, ens., het hulself “Afrikaners” genoem, dog sonder om die term “Boer” daarmee te ontken. Toe die Amerikaanse tydskrif Time in die sewentigerjare na ons as die “white tribe of Africa” verwys het, het hulle ons ook “Afrikaners” genoem. Verswyging is net so goed as ontkenning en dit is deels die oorsaak dat die term Afrikaner veld gewen het en daarmee saam die politieke doel-stellings van vermeende eenheid bevorder is. Die Engelse het strykdeur in hulle skrywes oor die Blankes as Boere gepraat. wanneer dit gegaan het oor veral die konflikte. So het Die Kaapse Goewerneur, Napier aan die Voortrekkers in 1838 geskryf en na hulle as “Boere” verwys.

Die bysleep van die Amerikaanse tydskrif, Time, dat hulle na die “white tribe” as Afrikaners verwys het, is 'n flou argument waarom ons nou Afrikaners moet wees en nie Boere nie. As die meerderheid na hulleself as Afrikaners wil verwys, en Time na hulle verwys, sal dit seker nie onvanpas van hulle gewees het om van Afrikaners te skryf nie.

Dr Roodt: Ons identiteit as volk – soos dié van talle ander volkere – is eers in die twintigste eeu gevorm deur die grootse Afrikanernasionalistiese beweging, met die simboliese Ossewatrek van 1938, die opbloeit van ons taal, letterkunde en geskiedskrywing. In die negentiende eeu was dit net die Ttransvaal wat Nederlands as amptelike taal gebruik het, terwyl die Vrystaat Engels as administrasietaal aangewend het. In dié opsig was sowel Paul Kruger as SJ du Toit, die eertydse voorsitter van die Genootskap van Regte Afrikaners, versiene en het die verwickelinge in die twintigste eeu vooruitgeloop. In u haas om ons Boerskap te ontken. wil u, u beroep op die simboliese Ossewatrek van 1938, om u veralgemening oor “die grootste Afrikanernasionalistiese beweging,” inhoud te gee. Dit is net nie waar nie.. Die fisiese trek na Bloedrivier, is die grootste enkele opwelling van nasionalisme en daarmee saam, die stigting van die twee Boererepublieke moet tog van groter betekenis wees as die simboliese trek. Ook die feit dat twee Vryheids-oorloë op Afrika se bodem deur die Boerevolk teen die Britse Empire geveg is, moet uiteraard aan ons Boerevolk 'n besondere plek in die annale van die geskiedenis toeken. Daarmee het die Afrikaner weinig te make gehad!

Dr Roodt”Ek weet Lets Pretorius en ander beskou hulself as uitverkore “Boere” en wil voorgee dat De Klerk sogenaamd 'n “Afrikaner” was wat ons uitverkoop het. De Klerk beskryf homself juis as 'n Suid-Afrikaner en wil nie sien dat Afrikaners as 'n groep hul van die sogenaamde

“reënboognasie”:afsonder nie. Lets Pretorius en kie. is dus ook hierin verkeerd. Let ook daarop dat Naspers die term “Afrikaanse” verkies waardeur hulle ons, in die woorde van Leopold Scholtz, adjunkredakteur van Die Burger, met die kleurlinge wil laat “versmelt”. Ook die hoof van RSG, Magdaleen Kruger, het in die openbaar verklaar: “Ek is geen Afrikaner nie.” U verwys in neerhalende terme na dr. Pretorius en “andere” wat hulleself as “uitverkore Boere” beskou.Ek sal my graag by Lets Pretorius skaar, nie omdat ek dink dat ons uitverkore is nie, maar omdat ons nie die geskiedenis van die Boerevolk wil ,versaak nie. Dan verkies ek eerder die klein klompie “uitverkorenes” as die meerderheid van dr Roodt. Hy probeer sy bes om FW dw Klerk uit die Afrikanergeledere uit te skryf asof De Klerk nie ‘n Afrikaner is. Blykbaar vergeet dr Roodt dat De Klerk op ‘n stadium die leier van die grootste Afrikanerparty was en dat hy juis Afrikaners moes oorhaal om sy bouse planne uit te voer. Miskien is dit nou die welaangename tyd vir dr Roodt om vir ons te sê waar hy was toe Boere soos Lets Pretorius en andere hulle lywe op die spel geplaas het om die oorgawe te keer.

Dr Roodt: Om ‘n volk te wees, behels veel meer as om vir jouself ‘n naam te kies en daar is geen manier waarop die klein aantal mense, hoofsaaklik vanuit die Noord-Transvaal (en wat vandag vir die liberale party, die DA, stem!) wat hulself uitsluitlik as “Boere” identifiseer, iets soortgelyks aan Afrikanernasionalisme in die twintigste eeu sal kan ewenaar met ‘n letterkunde, geskiedskrywing, regspraak, teologie, volksliedere, ens. nie. Daar sê u dit self: Om ‘n volk te wees. behels meer as om vir jouself ‘n naam te kies. Dit is presies wat u doen en dan ontsê u indieselfde asem enige iemand anders die reg om ‘n naam te kies wat van u s’n verskil Daar is voorts geen wetenskaplike gronde vir u bewering nie:

“daar is geen manier waarop die klein aantal mense. hoofsaaklik vanuit die Noord-Transvaal (en wat vandag vir die liberale party, die DA stem”)

Ek wed u dat daar baie meer Afrikaners vir die DA stem as self vir die VF+.Waaroor kom u die N-Tvl so by – omdat hulle oorwegend Nee gestem het?

Dr Roodt: Twee van my oupagrootjies was in die Tweede Vryheidsoorlog betrokke en daarom sou geen “Boer” my kon ekskommunikeer nie, maar as ek dan móét kies, is “Afrikaner” vir my ‘n meer verenigende term as “Boer” wat tans gebruik word – en ek vra my af hoekom? – om ons te verdeel. Ek dink u oordeel is weer verkeerd. Dit is nie “Boer” wat ‘n verdelende term is nie. Dit is juis die term Afrikaner want vir u en ander Afrikaners soos u, word die term gebruik om u andersheid te impliseer.

Dr Roodt: Ons moet ook poog om van die tweetalige Engelssprekendes aan ons kant te kry en Hertzog was destyds bereid om elke inheemse blanke as “Afrikaner” te aanvaar. Ons moet ook besef dat ons in die toekoms weer Europese immigrante uit ons stamlande sal moet verkry, wat insgelyks by ons as “Afrikaners” sal moet integreer, soos vele in die twintigste eeu ook gedoen het. Die eksklusiewe manier waarop die “nuwe Boere” met hul nuutgevonde identiteit omgaan en selfs medevolksgenote en eie bloedfamilie wil uitsluit, maak so iets nie moontlik nie. Genl Hertzog was die vader van die tweestroom-beleid – ‘n beleid wat moews keer dat die inheemse volk nie deur die Engelssprekende en die veroweraar per se, ondergeploeg moet word nie. Die eksponente van konsiliasie het dr Roodt se benadering gehad wat van Suid-Afrika op daardie stadium ‘n tweetalige land gemaak het. Miskien moet dr Roodt maar weer gaan kyk hoe die Hertzogprys en die Akademie vir Wetenskap en Kuns tot standgekom het. In soverre dit sy pleidooi vir Europese immigrante betref, sal daar nog baie water in die see loop en is so-iets nie

moontlik terwyk ons knegte van 'n ANC-regering is nie. Die versterking moet hui-diglik van binne kom, wat nie moontlik is solanl ons Boere-erfenis ontken word nie. Ons moet ons weer toewikkel in ons geskiedenis en ons voorberei op die herstel van die twee Boere-republieke. 'n Afrikanervolkstatjie gaan dit nie moontlik maak nie.

Dr Roodt: Ek wil nie Albert se gevoelens seermaak nie en as hy homself 'n "Boer" wil noem, is dit sy saak. Maar my versoek is: rig asseblief jou vuur op die ware vyand en nie op Afrikaners nie, want ons vryheidstryd is een en dieselfde. Ons is dankbaar dat dr Roodt nie gevoelens wil seermaak nie en dus ook nie gekrenk sal wees as iemand homself "Boer" noem nie. Skiet op mekaar gaan ons nie ver bring nie. Dan moet ons darem ook nie ons besig hou met mistastings nie. Ons vryheids-tryd – die Van Afrikaner en Boer – is nie dieselfde nie en dit weet dr Roodt net so goed soos ek. Om die kwessie egter vir altyd te besleg, laat dr Roodt vir ons sê hoe hy Vryheid en die bereiking daar van sien.

Die debat oor Afrikaner of Boer is aktueel, om dit te wil smoor is om mvan die Boerevolk, hoe klein in getal ookal, te verwag om al sy ideale in rook te sien opgaan; sy rug op sy afkoms te draai; sy ideale te versaak en in iets anders op te gaan. Dr Roodt se twee oupagrootjies sal aan so 'n gedagte, in hulle grafte omdraai. Myne ook.

Die Afrikaner het in 1994 die stryd om voortbestaan opgegee. As die Boerevolk verhoed word om sy vryheid te herwin sal dit die einde wees van 'n wit beskawing in Afrika. Daarom mag die stryd nooit versaak word nie.

Piet Rudolph: Aksiekomitee: Orde Boerevolk. E-pos: piet.rudolph@gmail.com